**Die tabernakel versus die tempel na die ballingskap**

**Hag 2:1-9**

**4 Augustus 2024**

1. Vantevore: Tabernakel is uitbeelding van die Here se verlossingsproses. Die tuin van Eden was 'n eerste tempel. Tempel van Salomo was tipe van die huis wat die Here vir Dawid bou – Jesus die hoeksteen, apostels/profete die fondament, gelowiges die gebou. Tempel is vernietig, want volk was ongehoorsaam en het op tempel vertrou.
2. Tempelprofesieë wat al voor die ballingskap gegee is (Jes 51:2-3, 54:2-3, 56:3-7)
    a. Jes 51:2-3 – die Here maak volk se woestyn soos Eden (die Here het steeds dieselfde einddoel)
    b. Jes 54:2-3 – die volk moet hulle tentwonings groter maak – hier kom baie (vgl Gen 28:14)
    c. Jes 56:3-5 – Selfs vreemdelinge gaan kom, en in tempel opgeneem word
3. Tempelprofesieë wat tydens die ballingskap gegee is (Eseg 36, 40-43, 47)
    a. Eseg 36:9-12 – volk sal terugkeer, vermeerder en vrugbaar wees
    b. Eseg 36:24-28 – die Here gaan nuwe harte gee deur die Heilige Gees (nuwe verbond)
    c. Eseg 36:33-35 – die land gaan soos die tuin van Eden word
    d. Eseg 40-42 – tempelvisioen; Eseg 43:1-5 – die heerlikheid van die Here sal tempel vul
    e. Eseg 47 – lewende water vloei uit die tempel en skep lewe sover dit gaan
4. Tempelprofesieë wat na die ballingskap gegee is, terwyl die tempel besig was om herbou te word (Hag 2, Sag 1,2,4,6)
    a. Geskiedenis: 539 vC – Kores gee opdrag om tempel te bou; 537 vC – fondament gelê; onderbreking tot 520 vC; 520 vC – Haggai en Sagaria tree op; 515 vC – tempel ingewy
    b. Hag 1:2-4 – dit gaan swaar want die volk herbou nie die tempel nie
    c. Hag 2:1-5 – die Here oordeel die tempel lyk na niks
    d. Hag 2:6-9 – die nasies sal kom, die heerlikheid van die Here sal die tempel vul, die Here gaan hier vrede gee
    e. Eerste visioen (Sag 1:7-17) – Al is die aarde stil en rustig, is die Here steeds besorg oor die volk
    f. Derde visioen (Sag 2:1-5) – Jerusalem moet nie gemeet word nie, sal te groot wees, die Here is die muur
    g. Vyfde visioen (Sag 4:1-14) – Kandelaar = volk (gelowiges); olyfbome = gesalfdes (Koning/Hoëpriester); olie = Heilige Gees
    h. Agste visioen (Sag 6:1-15) – strydwaens in alle rigtings. Loot (Priesterkoning) gekroon
    i. Betekenis: Al sukkel die volk in haglike omstandighede, is die Here steeds besorgd oor hulle, sal steeds profesieë vervul. Hulle kan steeds verwag Jerusalem/tempel sal onmeetbaar groot wees (baie nasies sal kom), die Here se heerlikheid sal daar woon, dit sal realiseer deur die werk van die Priesterkoning (Jesus) en die Heilige Gees, die Priesterkoning en Heilige Gees sal die lampe laat brand, wat die strydwaens uitstuur, met strome lewende water – dit is hoe Jakob se nageslag in alle rigtings sal uitbrei, hoekom die volk hulle tente moet groter maak, hoe Eden sal uitbrei tot dit die hele aarde bedek.
    j. Vervulling is nie in die na-ballingskap tempel nie – wel in die Nuwe Testament (verbond)